


## Oggendgebede vir Ortodokse Christene.

In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Amen.

Eer aan U, ons God, eer aan U.

### Gebed aan die Heilige Gees.

Hemelse Koning, Trooster, Gees van die Waarheid,
alomteenwoordig en met Wie alles vervul is,
Skatkis van die goeie en Gewer van lewe,
kom woon in ons,
suiwer ons van alle onreinheid,
en red ons siele, o Goeie.

### Die Driemaal-heilige Gebede.

Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.
Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.
Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.
Here, reinig ons van ons sondes.
Meester, vergeef ons ons oortredinge.
Heilige, besoek en genees ons swakhede,
om u Naams ontwil.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Onse Vader, wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.

**Die Jesus-gebed.**

Here Jesus Christus, Seun van God, ontferm U oor my, 'n sondaar.

## 'n Dankgebed.

Ek prys, loof en dank U, Almagtige God, die Vader van die lig, dat U my weereens die lig van hierdie dag laat sien het.
Ek smeek U, vergewe my sondes en aanvaar my gebed in u groot ontferming, want ek neem my toevlug tot U, die barmhartige en Almagtige God. Laat skyn die lig van Christus, die Son van Geregtigheid, in my hart. Verlig my verstand en my hele wese dat ek volgens u gebooie mag lewe en U mag dien in alles wat ek doen en sê. Want U is die bron van die lewe en die lig, en aan U bring ek lof en dank, aan die Vader, en die Seun, en die Heilige Gees, nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

## Oggendgebed deur Metropoliet Filaret van Moskou (oorlede in 1867).

Here, gee dat ek die dag wat voorlê in vrede sal tegemoetgaan.
Help my om in alles op u heilige wil te vertrou.
Openbaar u wil aan my elke oomblik van die dag.
Seën my omgang met almal om my.
Leer my om almal wat gedurende die dag na my toe kom,
met vrede in my siel te behandel, in die vaste oortuiging dat u wil oor alles heers.
In al my dade en woorde, lei my gedagtes en gevoelens.

Laat my te midde van onvoorsiene gebeure nie vergeet dat alle dinge onder u sorg staan nie.
Leer my om beslis en wys op te tree, sonder om ander te verbitter of in die verleentheid te stel.
Gee my die krag om die vermoeienis van die dag wat voorlê en alles wat dit sal meebring, te kan dra.
Lei my wil in die regte rigting, leer my bid, bid U self in my. Amen.



**’n Loflied vir die Alheilige Theotokos.**

Maagd wat God gebaar het, verheug u;
o begenadigde Maria, die Here is met u.
Geseënd is u onder vroue,
en geseënd is die Vrug van u skoot,
want u het gebaar die Redder van ons siele.

## Aandgebede vir Ortodokse Christene.

In die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Amen.

Eer aan U, ons God, eer aan U.

### ’n Gebed tot die Heilige Gees.

Hemelse Koning, Trooster, Gees van die Waarheid,
alomteenwoordig  en met Wie alles vervul is,
Skatkis van die goeie en Gewer van lewe,
kom woon in ons,
suiwer ons van alle onreinheid,
en red ons siele, o Goeie.

### Die Driemaal-heilige Gebede.

Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.
Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.
Heilige God, Heilige Magtige, Heilige Onsterflike, ontferm U oor ons.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Alheilige Drie-eenheid, ontferm U oor ons.
Here, reinig  ons van ons  sondes..
Meester, vergeef ons ons oortredinge.
Heilige, besoek en genees ons swakhede,
om u Naams ontwil.

Here, ontferm U. Here, ontferm U. Here, ontferm U.

Eer aan die Vader en aan die Seun en aan die Heilige Gees,
nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Onse Vader, wat in die hemele is,
laat u Naam geheilig word.
Laat u koninkryk kom.
Laat u wil geskied,
soos in die hemel net so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons daaglikse brood
en vergeef ons ons skulde,
soos ons ook ons skuldenaars vergewe
en lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.

**’n Gebed aan die Verlosser.**

Nou dat ek die dag deurleef het, dank ek U, Here;
en smeek U: Gee dat die aand en ook die nag
sonder sonde mag wees, o Heiland, en red my.

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees.

Nou dat die dag verby is, verheerlik ek U, Meester,
en smeek U: Gee dat die aand en ook die nag
sonder struikeling mag wees, o Heiland, en red my.

Nou en altyd en tot in ewigheid. Amen.

Nou dat ek die dag deurloop het, besing ek U, Heilige,
en smeek U, gee dat die aand en ook die nag
vry van listige aanslae mag wees, o Heiland, en red my.

**’n Gebed tot die Heilige Drie-eenheid.**

My hoop is die Vader,
my toevlug die Seun,
my beskutting die Heilige Gees.
Heilige Drie-eenheid, eer aan U.

## ’n Gebed tot die Alheilige Theotokos.

Op u plaas ek al my hoop, Moeder van God,
beskerm my onder u beskutting.

Verwonderd deur die skoonheid van u maagdelikheid
en die uitnemende luister van u reinheid,
het Gabriël tot u geroep, o Theotokos:
Watter loflied is gepas om aan u te bring?
Wat sal ek u noem? Ek huiwer en is in die war.
Daarom, soos ek beveel is, roep ek tot u:
Verheug u, Begenadigde!

## ’n Gebed tot jou Beskermengel.

Heilige Engel, wat my armsalige siel en ellendige lewe bystaan, verlaat my sondaar nie, gaan nie weg van my vanweë my gebrek aan selfbeheersing nie, en laat geen ruimte vir die bose gees om deur die oorrompeling van my sterflike liggaam heerskappy oor my te verkry nie. Hou my armsalige, swakke hand vas en lei my op die pad van heil. Ja, Heilige Engel van God, bewaarder en beskutter van my armsalige siel en liggaam, vergewe my alles waarin ek u bedroef het al die dae van my lewe, ook as ek vandag gesondig het. Beskut my vannag en bewaar my van alle misbruik deur die teëstander, sodat ek God nie deur een of ander sondige daad vertoorn nie. Tree vir my in by die Here, dat Hy my versterk in sy vrees, en my 'n dienaar maak wat sy goedheid waardig is. Amen.






## ’n Gebed van Voorbidding.

Here, ons bid vir vrede in die wêreld.
Vir alle gelowige en Ortodokse Christene.
Vir ons Aartsbiskop *(naam)*, ons Priester, Vader *(naam)*, en vir al ons broers en susters in Christus.
Vir ons land se mense, ons President, en vir elke owerheid en gesag.
Vir ons ouers, broers en susters, kinders, familie en vriende, en alle mense.
Vir hulle wat ons haat en hulle wat ons liefhet.
Vir hulle wat ons gevra het om, onwaardig soos wat ons is, vir hulle te bid.
Vir reisigers op land, see en in die lug.
Vir gevangenes en hul verlossing.
Vir hulle wat honger is, hulle wat ly, en hulle wat siek is.
Vir hulle wat heengegaan het in die hoop op die opstanding en die ewige lewe.

Deur die gebede van ons heilige Vaders, Here Jesus Christus, ons God, ontferm U oor ons en red ons. Amen.

In u hande, Here Jesus Christus, my God, gee ek my siel en liggaam oor. Seën my, ontferm U oor my, en skenk my die ewige lewe. Amen.

